

SLUITING, VERVREEMDING EN OORDRAGTE

openbare straat, naamlik gedeelte van restant erf 3930 Pinelands, geleë in Ringwoodrylaan, Pinelands, aan die eienaar van die aangrensende erf 1866 Pinelands, Ruan André Lubbe en Lauren Leanne Sole of hul regsopvolgers, vir doeleindes van motorhuisparkering.

- Die eiendom, ongeveer 119 m² groot, sal vervreem word teen 'n koopprys van R200 000 (BTW uitgesluit), wat teen 5% per jaar styg, jaarliks pro rata saamgestel vanaf 1 Maart 2026 tot die datum van registrasie.

Inligtingsverklaring:

- a) Die waardasie van die kapitale bate wat oorgedra of vervreem moet word, is R200 000, BTW en koste uitgesluit. Die vergelykbareverkopemetode van waardasie is gebruik om daardie waardasie te bepaal.

- b) Die rede vir die voorstel om die kapitaalbate te vervreem is dat die Stad 'n ongevraagde aansoek deur die eienaar van 'n aangrensende eiendom ontvang het om die betrokke eiendom te verkry. Die voorstel is om die uitgebreide werfruimte te inkorporeer om die aansoeker se vereistes vir motorhuisparkering te akkommodeer.

Die eiendom word as nielewensvatbaar beskou en kan slegs deur die aangrensende eienaar (die aansoeker) aangewend word.

Ná deeglike oorweging word die betrokke voorstel deur interne departemente ondersteun, en die grond word nie benodig vir die lewering van basiese munisipale dienste nie.

- c) Die verwagte voordele vir die Munisipaliteit wat uit die voorgestelde vervreemding voortspruit, is dat die Raad verlos sal wees van die instandhoudingslas rakende die betrokke eiendom en sekuriteit sal verbeter word.

- d) Die verwagte opbrengs wat die Munisipaliteit uit die vervreemding sal ontvang, is 'n finansiële voordeel in die vorm van 'n markverwante koopprys van R200 000, BTW uitgesluit. Dié bedrag sal teen 5% per jaar styg, jaarliks pro rata saamgestel vanaf 1 Maart 2026 tot die datum van registrasie.

- e) Die verwagte wins wat die Munisipaliteit sal verkry voortspruitend uit die voorgestelde verkoop is billike markwaarde en toekomstige eiendomsbelasting.

Vir meer besonderhede oor die transaksie, kontak Daniel Kanjedza by 021 444 8242 weksdae tussen 07:00 en 15:30. Enige kommentaar/besware teen die voorgestelde vervreemding moet voor of op **19 Oktober 2026** skriftelik, saam met die redes daarvoor, by Daniel Kanjedza: Posbus 4557, Kaapstad of per e-pos by Daniel.Kanjedza@capetown.gov.za ingedien word.

Voorgestelde vervreemding en sluiting van 'n openbare plek, erf 21298 Khayelitsha aan die eienaar van aangrensende erf 21297 Khayelitsha, Mdzananda Animal Clinic NPO

Kennis word hiermee gegee dat die Raad, ingevolge die beleid oor die bestuur van sekere van die Stad Kaapstad se onroerende eiendom (gepromulgeer op 26 Oktober 2010), 'n aansoek oorweeg om die vervreemding van 'n openbare plek,

erf 21298 Khayelitsha, 761 m² groot, aan die geregistreerde eienaar van die aangrensende erf 21297 Khayelitsha, naamlik Mdzananda Animal Clinic NPO, teen 'n koopprys van R105 000, BTW uitgesluit.

Kennis word verder gegee dat die Raad, ingevolge artikel 4 van die Stad Kaapstad se Verordening op Onroerende Eiendom, 2015, die sluiting oorweeg van 'n openbare plek, naamlik erf 21298 Khayelitsha.

Die koopprys van R105 000, BTW uitgesluit, sal teen 'n koers van 5% per jaar styg, met ingang van ses (6) maande ná die datum van waardasie, naamlik 1 November 2025, tot die datum van registrasie. Erf 21297 Khayelitsha en die openbare plek, erf 21298 Khayelitsha, is aangrensende eiendomme.

Inligtingsverklaring:

- a) Die kapitale bate voorgestel vir sluiting en vervreemding is gewaardeer teen R105 000 (BTW uitgesluit). Die waardasie is bepaal met behulp van die vergelykbareverkopemetode, wat heersende marktoestande en vergelykbare eiendomstransaksies in ag neem.

- b) Die rede vir die voorgestelde sluiting en vervreemding van die kapitale bate is dat daar bevestig is dat die bate nie meer vir die voorsiening van die minimum vlak basiese munisipale dienste benodig word nie.

- c) Die verwagte voordele vir die munisipaliteit wat voortspruit uit die sluiting en vervreemding van die kapitale bate, sluit die ontvangs van die koopprys van R105 000 (BTW uitgesluit) in, asook die generering van toekomstige munisipale eiendomsbelasting uit die eiendom sodra dit oorgedra is.

- d) Die munisipaliteit sal na verwagting nie enige beduidende koste in verband met die oordrag aangaan nie, aangesien alle koste verbonde aan die transaksie deur die koper gedra sal word.

Vir meer besonderhede oor die transaksie, kontak Janine Cornelius by 021 444 5869, by eiendomsbesit (oos), Omni Forum-gebou, Van Riebeeckweg 94, Kuilsrivier, weksdae tussen 08:30 en 15:00. Enige kommentaar, besware of alternatiewe voorstelle, saam met die redes daarvoor, moet voor of op 20 Oktober 2026 skriftelik by Donavon Geysman, streekshoof: eiendomsbesit (oos), Privaat Sak 16, Kuilsrivier, 7579, of per e-pos by Janine.Cornelius@capetown.gov.za en/of Rudzani.Mutavhatsindi@capetown.gov.za ingedien word.

Voorgestelde sluiting en vervreemding van 'n openbare plek, gedeelte van erf 4035 Gordonsbaai, aan die eienaar van die aangrensende erf 4039 Gordonsbaai, Johanna Cornelia van Heerden

Kennis word hiermee gegee dat die Raad, ingevolge die beleid oor die bestuur van sekere van die Stad Kaapstad se onroerende eiendom (gepromulgeer op 26 Oktober 2010), 'n aansoek oorweeg om die vervreemding van 'n openbare plek, naamlik 'n gedeelte van erf 4035 Gordonsbaai, ongeveer 90 m² groot, aan die geregistreerde eienaar van die aangrensende erf 4039 Gordonsbaai, naamlik Johanna Cornelia van Heerden, teen 'n koopprys van R90 000, BTW uitgesluit.

Kennis word verder gegee dat die Raad, ingevolge artikel 4 van die Stad Kaapstad se Verordening op Onroerende Eiendom, 2015, die sluiting oorweeg van 'n openbare plek, naamlik 'n gedeelte van erf 4035 Gordonsbaai.

Die koopprys van R90 000, BTW uitgesluit, sal teen 'n koers van 5% per jaar styg, met ingang van ses (6) maande ná die datum van waardasie, naamlik 1 Februarie 2025, tot die datum van die registrasie. Erf 4039, Gordonsbaai, en gedeelte van erf 4035, Gordonsbaai, is aangrensende eiendomme.

Inligtingsverklaring:

- a) Die kapitale bate voorgestel vir sluiting en vervreemding is teen R90 000 (BTW uitgesluit) gewaardeer. Die waardasie is bepaal met behulp van die vergelykbareverkopemetode, wat heersende marktoestande en vergelykbare eiendomstransaksies in ag neem.

- b) Die rede vir die voorgestelde sluiting en vervreemding van die kapitale bate is dat daar bevestig is dat die bate nie meer vir die voorsiening van die minimum vlak basiese munisipale dienste benodig word nie.

- c) Die verwagte voordele vir die munisipaliteit wat voortspruit uit die sluiting en vervreemding van die kapitale bate sluit die ontvangs van die koopprys van R90 000 (BTW uitgesluit) in, asook die generering van toekomstige munisipale eiendomsbelasting uit die eiendom sodra dit oorgedra is.

- d) Die munisipaliteit sal na verwagting nie enige beduidende koste in verband met die oordrag aangaan nie, aangesien alle koste verbonde aan die transaksie deur die koper gedra sal word.

Vir meer inligting oor die transaksie, kontak asseblief vir Janine Cornelius by 021 444 5869, eiendomsbesit (oos), Omni Forum-gebou, Van Riebeeckweg 94, Kuilsrivier, weksdae tussen 08:30 en 15:00. Enige kommentaar/besware moet voor of op 20 Oktober 2026 skriftelik, saam met die redes daarvoor, by mnr. Donavon Geysman, streekshoof, eiendomsbesit (oos), Privaat Sak 16, Kuilsrivier, 7579 of per e-pos by janine.cornelius@capetown.gov.za en/of Rudzani.mutavhatsindi@capetown.gov.za ingedien word.

Voorgestelde verkoop van onbeboude erf 3689 Langa (ongeregistreerde gedeelte van restant erf 3585 Langa), geleë te Moffatstraat 4, Langa aan Just Grace NPC deur middel van 'n uitnodiging om alternatiewe voorstelle

Kennis word hiermee gegee dat die Stad Kaapstad, ingevolge die munisipale regulasies oor die oordrag van munisipale bates R878/2008 en artikel 12.5 van die Stad se beleid oor die bestuur van sekere van die Stad se onroerende eiendom (goedgekeur op 26 Augustus 2010) die verkoop oorweeg van die ondergenoemde onbeboude munisipale grond geleë te Moffatstraat 4, Langa, ongeveer 142 m² groot, aan Just Grace NPC teen die koopprys van ongeveer R130 000 (BTW uitgesluit), wat teen 5% per jaar styg, jaarliks pro rata saamgestel met ingang van ses maande ná die datum van waardasie (d.w.s. vanaf 01-10-2025) tot die datum van registrasie.

Erfnr	Grootte (ongeveer)	Sonering/status
Erf 3689 Langa	142 m²	Residensieel 2: inkrementele behuising (R2)

Just Grace NPC is 'n organisasie sonder winsoogmerk (NPO), gestig in 2012 en gebaseer in Langa, Kaapstad. Die organisasie is gestig in reaksie op kritiese sosio-ekonomiese uitdagings in die gemeenskap, waaronder hoë werkloosheid, beperkte toegang tot geleenthede vir die ontwikkeling van vaardighede en swak opvoedkundige uitkomst. Just Grace NPC strewes deur programme en inisiatiewe daarna om individue te bemagtig en die gemeenskap op te hef deur daardie uitdagings te hanteer. Die organisasie wil die eiendom verkry om sy werksaamhede uit te brei en sy missie te bevorder deur volhoubare geleenthede vir onderrig, vaardigheidsontwikkeling en ekonomiese bemagtiging te skep.

Vir meer besonderhede oor die transaksie, kontak Cameron White, departement eiendomstransaksies, 13de verdieping, Toringblok, Burgersentrum, Kaapstad, op weksdae vanaf 08:00 tot 13:00 en vanaf 14:00 tot 16:00.

Enige alternatiewe voorstelle vir die voorgestelde verkoop moet voor of op 19 Oktober 2026 skriftelik by die Stadsbestuurder, Stad Kaapstad, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad (gemerk vir die aandag van Cameron White), of voor of op 19 Oktober per e-pos by Cameron.White@capetown.gov.za ingedien word.

Enige alternatiewe voorstelle moet die volgende insluit:

- Beoogde gebruik van die munisipale erf genoem in die bostaande tabel;
- Ontwikkelingskonsep vir die erf;
- Waarde van belegging in die erf, afsonderlik van die prys van die grond;
- Prysaanbod;
- Die voorgestelde ontwikkelaar se kundigheid en prestasierekord in eiendomsontwikkeling;
- Dokumentasie ter stawing van voldoening aan voorsieningskanaalbestuur (waaronder onder meer belastingklaringsertifikaat, maatskappyregistrasie-/ID-dokumente, volmagte en gesamentlike-ondernemingssooreenkomste (indien van toepassing)). Die Stad behou die reg voor om bykomende inligting in hierdie verband aan te vra;
- Bevredigende bewys van toegang tot finansiering om die eiendom te koop.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTURDER
18 September 2026



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.

Het jy ongebruikte artikels wat net plek in jou huis opneem?

Ons help jou graag om dit te verkoop!



**Gratis Snuffels
word Vrydae geplaas!**



SMS die woord **SNUFFEL, gevolg deur die artikel, kort beskrywing (kleur, grootte) en kontaknommer na **38218****

**Reëls: • Slegs artikels met 'n prys onder R3 000 • Slegs EEN artikel per SMS
• Standaardkoste vir SMS'e geld - stelsel aanvaar geen gratis SMS'e nie**

• Onvolledige SMS'e wat nie die woord SNUFFEL en 'n telefoonnommer bevat nie, sal nie geplaas word nie

▪ Gratis Snuffels word nie per telefoon of per e-pos aanvaar nie

Gratis Snuffels word gepubliseer op 'n Vrydag soos en wanneer daar spasie beskikbaar is en is nie gewaarborg om in die week gepubliseer te word wat jy die SMS stuur nie.



**Kennisgewing
van Algemene
Jaarvergadering**

Die Airport Industria City Improvement District NPC (AICID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2027/28.

Datum: 2026-10-14
Tyd: 12h00
Plek: Hotel Verde, 15-17 Michigan Straaat, Airport Industria

Net bona fide-lede van die Airport Industria City Improvement District (AICID) kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die Airport Industria City Improvement District (AICID) se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 05-10-2026

Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.airportcid.co.za of bel 021 386 8403



**City Improvement District
Blackheath**
committed to making a difference

Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Die Blackheath City Improvement District NPC (BCID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2027/28.

Datum: 14 Oktober 2026
Tyd: 13:00
Plek: HomeChoice, Skool Straat, Blackheath

Net bona fide-lede van die BCID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die BCID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 7 Oktober 2026 registreer wees.

Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.bcid.co.za of bel 021 9050929.